——oOo——

## ONTWIKKELINGSVOORUITSIGTE IN DIE OOS-TRANSVAALSE LAEVELD

Hierdie landstreek is ongetwyfeld die deel van ons land waar in die naaste toekoms die grootste ontwikkeling gaan plaasvind, nie alleen op landbougebied nie, maar ook op minerale- en nywerheidsgebied.

Kleurryke figure is in vervloë dae deur hierdie deel van ons land opgelewer. Die spore van die eerste Voortrekkers het deur hierdie koorswêreld na Delagoabaai gegaan. Hierlangs het Albasini gekom en hom by die Boere gevoeg. In die ry van groot figure wat hierdie wêreld oopgemaak het, staan manne soos drr. Annecke en Merensky. Maar 'n mens dink ook aan baanbreker-boere, bosbouers, prospekteerders, pad- en spoorbouers.

Hierdie deel van die Unie word begrens deur die Limpopo aan die noordekant, die Lebomboberge aan die oostekant, Swaziland aan die suidekant en die Drakensberg aan die westekant. Om daar te kom, reis jy oos en sak van die tafelland af langs die glooiing van die Drakensberg.

Onder in die Laeveld lê die dorpe Tzaneen, Duiwelskloof, Mokeetsi, Politsi, Witrivier, Nelspruit. Verder weg na die ooste bereik jy die Nasionale Kruger-Wildtuin. Daar is myndorpe in die Letaba-distrik en by Sabie, Pelgrimsrust, De Kaap en Barberton. Twee nuwe dorpe is pas aan die Blyderivier deur die Dorperaad in beginsel goedgekeur, nl. Blyderus en Kampersrus.

Groot naturellereserwes, waarvan Sibasa met sy meer as 700,000 morge die grootste van sy soort is, lê in hierdie deel van Transvaal. Agter die Zoutpansberg lê die vlaktes van die kremetartboom en die kopermyne van Messina.

Die invloed van die warm Mosambiekstroom word ver oor die Laeveld gevoel en die oostelike reënwinde dra die vog selfs verder as die Drakensberg waar die meeste daarvan egter uitsak. Reënvalsyfers is so hoog as 80 duim per jaar in die Drakensberg en Zoutpansberg. Ooswaarts neem dit af tot 15 duim per jaar. Die hoërliggende dele is aangenamer om te bewoon want dis koeler en nie so droog nie, maar dit kan straf ryp in dele bokant 3,000 voet terwyl ryp heel selde meer ooswaarts voorkom.

Die bevolking van die Letabadistrik wat so ver suid as die Olifantsrivier en so ver noord as die Klein Letabarivier strek, bestaan uit net minder as 7,000 blankes en ongeveer een-agste miljoen nie-blankes waarvan die meeste natuurlik naturelle is. Blanke besetting daar het met 122% toegeneem die afgelope 18 jaar. Die uitroei van malariakoors het baie hiermee te doen gehad. Die blanke het die moontlikhede van die streek as landbougebied raakgesien. Die digste blanke bevolking is na aan die berge waar die meeste water is en waar dit koeler is om te woon. Hierlangs is die neiging ook om meer intensief te boer.

Meer werkgeleentheid lok ook meer naturelle na die weste. Die bevolking van die Sibasagebied bestaan hoofsaaklik uit 'n kwartmiljoen Vendas en Shangaans met 'n klein aantal blanke beamptes.

Die suidelike Laeveld beslaan 7½% van die oppervlakte van Transvaal en huisves 5.1% van sy bevolking. Hier het die blanke bevolking tussen 1921 en 1951 met 157% vermeerder, nieteenstaande die feit dat die bevolkingsvermeerdering slegs met die landelike ontwikkeling gepaard gaan. Landbou en bosbou met nywerhede het sedert 1921 mynbou as belangrikste bedryf

verbygesteek. Besproeiing, veral langs die Krokodilrivier, het nedersetting aangemoedig.

In die Laeveld is dus geen sprake van ontvolking van die platteland nie. Die blankes wat na hierdie dele gaan is van 'n tipe met ondernemingsgees en deursettingsvermoë, soos o.a. afgetrede staatsamptenare wat hoë betrekkings beklee het.

Die grond van die Laeveld is geneig om suur te wees, sodat landboukalk gebruik moet word. Verder is die grond arm aan fosfor. Dit het maar ongeveer een vyftigste van die fosfaatgehalte wat dit behoort te hê. Daar is gelukkig nie gebrek aan potas nie en kraalmis is nog redelik volop. Die beste landbougronde is die alluviale grond langs die riviere waar hoë opbrengste onder besproeiing verkry word. Die gronde verder weg is afkomstig van ou-graniet en is oor die algemeen grof van tekstuur en neem water gevolglik geredelik op, maar hou die water nie goed vas nie en is betreklik onvrugbaar. Water bly maar die beperkende faktor vir ontwikkeling in Suid-Afrika, en dus een van ons land se belangrikste hulpbronne.

Naby die oorsprong van die Groot Letaba (of „rivier van die berg") is die Ebenezerdam net onderkant die saamvloei van die Broederstroom en Helpmekaarspruit nou in aanbou. Hoërop in die Broederstroom is die Pietersburgse stadsraad besig met 'n dam waaruit hulle 3 miljoen gellings per dag vir stadsgebruik gaan haal. Die Ebenezerdam bied geleentheid vir die opwekking van hidro-elektriese krag deur die aanbring van 'n tonnel en pyplyn wat met 'n val van 1,400 voet 4,000 K.W. krag sal kan opwek. Met water uit hierdie dam kan die langvertraagde Puselaskema bokant Tzaneen nou ontwikkel word.

In 1951 was omtrent 42,000 morge in die hele Laeveld onder besproeiing. Vandag is daar maklik 20% meer onder besproeiing. As dieselfde groei gehandhaaf word, sal die besproeide gebied oor vyftien jaar ongeveer een agste van die hele Unie se besproeide gebied wees.

Vir nywerheidsgebruik word heel weinig water byvoorbeeld uit die Letabarivier getrek. Vir mynboudoeleindes is 'n halwe kusek aan die Consolidated Murchisonmyne toegestaan en daar word nie verwag dat groot hoeveelhede water vir die doel benodig sal word nie. Daar is 'n menigte boere met pomp-installasies en daar is saagmeulens en klein myne wat goedkoop elektriese krag sal verwelkom.

Om in hierdie behoeftes te voorsien moet daar gelet word op waterhulpbronne beskikbaar. Van die riviere van die suidelike Laeveld is die Komati-, Krokodil-, Sabie-, Kaap-, Lomati-, Nels- en Witrivier die vernaamste. Hierdie riviere het gesamentlik 'n gemiddelde jaarlikse afloop

van byna $1\frac{1}{2}$ miljoen morgvoet water. Hierby moet die riviere van die noordelike Laeveld (Letaba, Olifants, Blyde en Klaserie) nog gereken word. Hulle gesamentlike afloop beloop ongeveer 'n miljoen morg-voet.

Dit beteken dat die Transvaalse Laeveld ongeveer een twaalfde van die Unie se jaarlikse afloop het. As hierdie feit in verband met sy sub-tropiese klimaat waarin ryp feitlik afwesig is en gunstige arbeidspotensiaal, gebring word, is dit duidelik dat die streek 'n groot toekoms het. 'n Noodsaaklikheid is egter om die vloed van die riviere in hulle bolope veral te stabiliseer deur 'n reeks damme van middelmatige grootte. Gedurende die reënseisoen vind geen besproeiing plaas nie en vloei die water verby. Om die vloed te stabiliseer is meer damme soos die Ebenezer en Albasinidam nodig.

Sitrus word op groot skaal gekweek op die Letaba Estates, Valencia Estate en die Krokodilriviervallei. Piesangs word ook hier gekweek.

In die Blydevallei vind besproeiing plaas uit 'n sewentien myl-lange kanaal met 'n vermoë van 54 kuseks deur 'n groep boere self gebou. Hier is groot moontlikhede vir rys- en groenteverbouing. Bogenoemde groep boere het opnames uit die lug teen hoë koste van 'n moontlike damterrein en besproeibare grond daaronder laat doen.

Uit die Albasinidam suid van Zoutpansberg word 2,000 morg langs die Levuburivier besproei. Die inhoud van die dam is nagenoeg 8,000 morg-voet water, wat vir die Levubu-nedersetting aangewend word.

Die hele Sibasagebied het reeds 644 morg onder besproeiing en volgens beraming kan nog 3,700 morge met uitkeerkanale besproei word, terwyl 20,000 morg moontlik onder besproeiing. gebring kan word indien damme in die Ngwanedzi- en Mutaliriviere gebou word. Dit gee 'n groottotaal van besproeibare grond in die Sibasadistrik van 24,000 morge. Hierdie distrik beslaan 2,400 vierkant myl met 'n bevolking van ongeveer 260,000 naturelle.

In die Zoutpansberg waar die reënval baie hoog is, is daar groot geleenthede vir bosbou. Groot plantasies van veral denne maar ook bloekom is reeds aangeplant en inheemse woud beslaan ook nog groot dele van die klowe en berghange. In die Sibasadistrik sal die winste van die plantasies tot voordeel van die naturelle aangewend word. In die Letaba-distrik was oor die 7,000 morg onder plantasies in 1954 in die agt bosreserwes wat almal in die bergwêreld lê waar die reënval hoog is. Houtbos het 'n reënval van 82 duim per jaar terwyl Spelonken maar 35 duim per jaar kry. Die meeste private plantasies lê in gebiede bo die 40 duim-isohiëet.

Die hout-opbrengs is aansienlik meer as 800,000 kub. vt., wat 3% van die Unie se totaal uitmaak. Veertien saagmeulens verwerk die hout tot

saaghout (sagte- en hardehout), pulphout, mynhout, vuurhoutjiehout, pale en sparre en brandhout. Sekere mynmaatskappye betaal 'n jaarlikse premie aan grondeienaars om 'n minimum-oppervlakte onder bos te plaas, maar as die bos groot is, behoort die hout dan natuurlik aan die mynmaatskappy.

Die grootste enkel-konsentrasie van bosplantasies in die Unie lê egter in die suidelike Laeveld. Hier kom 16% van die Unie se timmerhoutplantasies voor. Ook hier oorheers die keëldraende en bloekom-soorte. Die uitheemse sagtehoutsoorte toon hier 'n merkwaardige groeikrag, soveel as vyf keer vinniger as in die kouer Europese lande. Naas Staatsbosse het private onderneming 'n groot rol gespeel in die fenomenale uitbreiding van die streek se plantasies, met 366% tussen 1930 en 1950. Daar word konserwatief beraam dat 174,000 morge teen 1960 ongeveer 935,000 ton hout sal oplewer. Die gehalte van timmerhout en kissieshout hoef geensins agteruit te staan vir ingevoerde goedere nie.

Teen 1960 hoop die Staat om die invoer van sagtehout na 25% te verminder en teen 1970 selfversorgend te wees. Die grootste konsentrasie private en Staatsaagmeulens is in hierdie gebied en meer meulens word beplan namate meer hout beskikbaar raak. Fabrieke wat neweprodukte verwerk, soos 'n papierfabriek by Sabie, word verwag sodra spoorwegtariewe en krag dit toelaat. Saam met die uitbreiding van bosaanplanting, kan verwag word dat die verwante nywerheidsproduksie sal verviervoudig in die volgende twintig jaar.

Die Letabadistrik het 'n groot verskeidenheid minerale. Goud het oorspronklik die aandag op Selati getrek en Leydsdorp het ontstaan. Tans word die volgende in die distrik ontgin: antimoon, asbes, korundum, vermikuliet, mika, silika, kwik, fosfaat, magnesiet, veldspaat, beriel, bariet, koper, grafiet, tin, yster en sink. Hiervan is fosfaat, antimoon en vermikuliet die belangrikste.

Fosfaat word by Phalaborwa op die grens van die Kruger-Wildtuin ontgin. Daar bestaan 'n ertsreserwe van 'n eeu wat kunsmisfabrieke moet voed met die belangrike grondstof vir fosfaatkunsmis. Private ondernemings word aangemoedig om 'n fabriek op te rig vir die verwerking van die grondstof tot fosfaatkunsmis. Die hele nedersetting met dorp, ertsmeule en skeidingsinstallasies het sy eie kragstasie en waterstelsel vanaf die Olifantsrivier. Daar naby word die verskilferde mika (vermikuliet) uitgehaal. Nader aan die spoor word die antimoonmyne van Consolidated Murchison aangetref.

In die suidelike Laeveld is in 1953 minerale ter waarde van £3 miljoen opgelewer.

Die Laeveld word deur die „Selatilyn" vanaf Komatipoort na Soekmekaar bedien. Met die toenemende bedrywighede veral op landbou- en mynbougebied agiteer die inwoners vir meer doeltreffende laaifasiliteite, meer taklyne en 'n sneller diens na die mark. Dis net moontlik dat daar nog eendag 'n direkte spoorverbinding vanaf Mica oor Groblersdal na Pretoria bewerkstellig sal word. Daar bestaan landingsbane by Phalaborwa en die J.C.I.-myn. Die boere van die Blyderivier het 'n eie vliegklub en vliegveld vanwaar dit maar 180 myl deur die lug na Pretoria is, terwyl dit padlangs oor Tzaneen en Pietersburg 330 myl en per spoor 360 myl na Pretoria is. Die padnetwerk is goed en lang ente teerpad bestaan reeds tussen Pietersburg, Tzaneen en Duiwelskloof. Telefoniese verbinding bestaan ook reeds tot in die verste uithoeke.

Ware groot nywerhede bestaan eintlik nog nie in die noordelike Laeveld nie. Daar is 'n inmaakfabriek te Politsi en 'n grenadillasapfabriek suid van Tzaneen, waar aansienlike hoeveelhede vrugte en groente verwerk word. Meeste van die 5,500 gelling grenadillasap word uitgevoer na lande soos Engeland en Australië. 'n Tamatiesapfabriek word by Blyderivier opgerig. Die moontlikheid om avokadopeerolie te ekstraheer, word deur 'n paar van die grootste produseerders ondersoek, want Letaba is die belangrikste avokadoproduserende streek van die Unie.

Sekondêre nywerhede is nog maar in hulle kinderskoene, hoewel 'n begin reeds gemaak is. Moontlike plekke van toekomstige nywerheidsametrekking is by Airlie (waar 'n yster- en staalfabriek in aanbou was maar voltooiing waarvan om verskeie redes, hoofsaaklik weens gebrek aan fondse, gestaak is), Bosbokrand, Nelspruit, Sibasa en Phalaborwa.

Die gebied het baie aantreklikhede vir toeriste. Aangrensende is die gewilde Kruger-Wildtuin. Die mooi natuurskoon van die Laeveld, met besienswaardighede soos Magoebaskloof, die pad deur Houtbos se oerwoud en die Krokodilvallei behoort meer toeriste te lok.

Behalwe die sitrusbedryf het die gebied nog geen vaste landboustelsel ontwikkel nie. Die mense kweek die soort groente wat die beste pryse op die mark behaal met die gevolg dat die mark later oorlaai word. Die verbruiker kry nie altyd die voordeel van lae pryse nie. Die landbouer voel dat hy met 'n beter bemarkingstelsel en sneller vervoer 'n bestendiger inkomste kan hê.

Die Laeveld het 'n groot verskeidenheid natuurlike hulpbronne waarop 'n gesonde ekonomie, gebaseer op die primêre nywerhede van land-, bos-

en mynbou, opgebou kan word. Die suidelike Laeveld lê gunstig aan hoofroetes ten opsigte van 'n uitvoerhawe en die goeie binnelandse mark van gouden steenkoolvelde. Laasgenoemde sal moet ingespan word om krag vir 'n elektrifikasieskema op streeksgrondslag vir die Laeveld te verskaf.

Uitbreiding van spoorwegverbinding om die noordelike Laeveld nader aan die binnelandse marke te bring is een van die toekomsdrome wat geensins onrealisties of onuitvoerbaar lyk nie. Met die suksesvolle bestryding van bilharzia behoort die doeltreffendheid van naturelle-arbeid ook te verbeter. Beheer oor en die uitroeiing van die meeste ernstige beessiektes maak dit vir die droëre dele van die Laeveld moontlik om hul aandeel te hê in die melk- en vleisproduksie van die land.

Oos-Transvaal staan dus voor groot ontwikkeling. Baie hang af van die soort ondernemingsgees wat in die toekoms aan die dag gelê gaan word.

Die een groot gevaar vir die hele Laeveld is die inflasionêre tendense van grondpryse. Oral is daar 'n ongesonde spekulasiegees te bespeur. Dit is net 'n kwessie van gou ryk word en grond teen groot winste te verkoop, eerder as dat die bewerking daarvan in die eerste plek uit liefde vir die boerdery onderneem word. Hierdeur word 'n atmosfeer van gebrek aan stabiliteit geskep, waarteen ernstig gewaak moet word.

F. J. DU TOIT.

——oOo——

[Ons herinner graag daaraan dat die geagte skrywer van bostaande by 'n vorige geleentheid sy verbeelding wyere vlugte laat neem het, ook verder Suid-ooswaarts, reg oor die hele lengte van die Transkei, met die oog op moontlike toekomstige nywerheidsontwikkelinge in die nabyheid van naturellereservate. Sy gedagtes het toe volgens persverslae min of meer soos volg geloop.

Die totale kapitaalbelegging in 22 beoogde fabrieke in die gebied sal £115,000,000 bedra. In Natal en Zoeloeland, wat in hierdie gebied lê, word agt groot fabrieke beoog. Die plan is om daarin £44,000,000 te belê.

Hierdie beoogde ontwikkeling is nie deel van enige amptelike plan nie, maar 'n blote berekening van 'n goed ingeligte deskundige oor hierdie moontlikhede.

Dr. Du Toit het gesê hierdie gebiede het die hoogste reënval en die grootste konsentrasie van die naturellebevolking. Die gebied Natal-Zoeloeland word bedien deur Durban, wat 'n omset so groot soos die van Oos-Londen en Port Elizabeth saam het en 'n goeie spoorwegverbinding met die Rand.

Dieselfde geld in sekere mate vir die Suidelike Laeveld, wat deur die spoorlyn na Lourenco Marques bedien word.

Elektrisiteit word reeds in die Tugelavallei verskaf en intensiewe elektrifisering van die Laeveld en Zoeloeland sal plaasvind wanneer die regte tyd daarvoor aangebreek het.

Toekomstige nywerheidsentrums is moontlik op naby Potgietersrus, Phalaborwa, Sibasa, Nelspruit, Piet Retief, in Sekoekoenieland, by Sabie, Airlie, Port Durnford (Mtunzini), Umkomaas, Port Shepstone, Mount Ayliff, Kokstad, Umtata, King William's Town en Molteno.

Die bedrywe wat in Noord- en Oos-Transvaal beoog word, is twee yster- en staalfabrieke, 'n fabriek vir die verwerking van wol, 'n swaelsuur- en kunsmisbedryf, 'n fabriek vir die vervaardiging van sakke, 'n olie-uit-steenkoolfabriek wat net so groot as dié van Sasol sal wees, 'n fabriek vir die vervaardiging van veselhout en een vir koerantpapier.

Die nodige kapitaal vir hierdie bedrywe word geskat op £56,000,000 —£9,000,000 vir die verskaffing van wonings en £47,000,000 vir die fabrieke.

Die kapitaal wat in Natal en Zoeloeland nodig sal wees, is na berekening £44,000,000—£5,000,000 vir huisvesting en £30,000,000 vir agt fabrieke.

Die beoogde fabrieke is o.m. 'n bykomende kunsveselfabriek, twee bykomende fabrieke vir die vervaardiging van veselhout en papierfabrieke.

Die Transkei het sowat £15,000,000 nodig, waarvan £13,000,000 vir die fabrieke en £2,000,000 vir wonings gebruik sal word. Hierdie bedrywe sal 'n groot fabriek vir die verwerking van wol en katoen, sak- en toufabrieke en installasies vir die afskeiding van nikkel insluit.

Dr. Du Toit het gesê dat hierdie gebiede se vermoë om voedsel en hout te produseer, byna onbeperk is. Hulle bedien reeds nuwe bedrywe soos die veselhoutfabriek op Colenso, die papierfabriek aan die mond van die Tugela en die rayonpapfabriek aan die Umkomaasrivier. Die meeste van hierdie fabrieke is naby naturellereservate.

Dit wil voorkom asof die desentralisasie van sommige belangrike basiese bedrywe reeds aan die gang is. Dit lyk asof hierdie wenslike ontwikkeling voortgaan. Dit beteken die ontwikkeling van onontwikkelde gebiede van die Unie.

Die binneland van Natal en Zoeloeland het die meeste voordeel uit hierdie nuwe neiging getrek en sal voortgaan om dit te doen wanneer die voorgestelde hawe-ontwikkeling en die planmatige ontwikkeling van die naturellegebiede van Zoeloeland verwesenlik word.

In hierdie verband het *Die Burger* soos volg op die betekenis van hierdie vooruitsigte die nadruk gelê:

„Al hoe meer word ons aandag in die laaste tyd gevestig op die merkwaardige moontlikhede van nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika se ‚ooste'. Dit omvat 'n aantal gebiede te ooste van die binnelandse platorand, van die Transkei in die suide, deur Natal en Zoeloeland, tot in die Laeveld van Oos-Transvaal in die noorde—nog betreklik onontgonne, maar ryk aan arbeid, water en ander vermoëns."

„Dit is 'n hele nuwe wending aan die verspreiding van nywerhede wat daardeur in die vooruitsig gestel word."—Red. Koers].

---